KLEIN KAROO
(PTY)LTD • (EDMS)BPK

# KLEIN KAROO EIENDOMS BEPERK

[Registrasienommer: 2010/011129/07]

# JAARVERSLAG 2025



# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Tydlyn - 80 Jaar se Mylpale | Bl. 2 |
| Groepstruktuur | Bl. 4 |
| Voorsittersverslag | Bl. 5 |
| Finansiële oorsig | Bl. 6 |
| Groepsoorsig | Bl. 7 |
| Besturende direkteursverslae | Bl. 10 |
| Sosiaal-, etiek- en transformasiekomiteeverslag | Bl. 16 |
| Korporatiewe bestuursverslag | Bl. 17 |
| Verklaring deur Maatskappysekretaris | Bl. 23 |
| Verantwoordelikheidsverklaring deur die Raad van direkteure | Bl. 24 |
| Oudit- en risikokomiteeverslag | Bl. 25 |
| Direkteursverslag | Bl. 26 |
| Verslag van die onafhanklike ouditeur | Bl. 28 |
| Opgesomde Staat van Finansiële Posisie | Bl. 29 |
| Opgesomde Inkomstestaat | Bl. 30 |
| Opgesomde Staat van Omvattende Inkomste | Bl. 30 |
| Opgesomde Staat van Verandering in Ekwiteit | Bl. 31 |
| Opgesomde Staat van Kontantvloei | Bl. 31 |
| Opgesomde Segmentverslag | Bl. 32 |
| Aantekeninge by die Opgesomde Finansiële State | Bl. 32 |


## OMVANG

Dit is aangenaam om Klein Karoo Eiendoms Beperk se geïntegreerde jaarverslag aan te bied. Die verslag het betrekking op die Klein Karoo Groep se prestasie vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025. Dit het verder ten doel om belanghebbendes insig te gee met betrekking tot die Groep se besigheidsaktiwiteite. Die verslag dek inligting oor die Klein Karoo Groep in die geheel ("Klein Karoo Groep" of "die Groep").

## KENNISGEWING

### IN TERME VAN ARTIKEL 29(3) VAN DIE MAATSKAPPYWET, 2008 (DIE WET):

Hierdie opgesomde finansiële state is 'n opsomming van die Groep se finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. Die Groep se finansiële state is geouditeer ter voldoening aan die vereistes van die Wet.

PC Barnard (BAcc, PGD, MBA) het toesig gehou oor die voorbereiding van die finansiële state.'n Afskrif van die volledige finansiële state is op versoek ter insae en/of beskikbaar by die Groep se geregistreerde kantoor.

**1863**
Op 26 Augustus word Oudtshoorn 'n dorp.

**1945**
Op 25 Mei word die Klein Karoo Landboukoöperasie (KKLK) gestig.

**1980**
Klein Karoo Saad Produksie besigheid neem aanvang.

**1990**
Groentesaadlaboratorium word geopen.

**1995**
Na 'n nuwe grondwet, verander KKLK na Klein Karoo Koöperasie (KKK).

50ste bestaansjaar word gevier.

**1996**
Binne Klein Karoo word die Saadafdeling (Klein Karoo Saad) onafhanklik.

**2001**
Twee afsonderlike Klein Karoo volstruis- en saadmaatskappye word gestig.

**2002**
Klein Karoo word vir die eerste keer as 'n Top 300-maatskappy benoem.

In Maart het Ladismith Landbou Koöperasie en Reinders Garage Koöperatief deel van KKK geword.

**2005**
60ste bestaansjaar word op 13 Augustus herdenk.

Klein Karoo word vir die vierde agtereenvolgende jaar as Top 300-maatskappy genomineer.

**2006**
Groot droogte en ergste vloede in die Klein Karoo.

**2007**
Klein Karoo Groep oorskry vir die eerste keer sedert sy onstaan die R1 miljard omsetgrens.

R18 miljoen word aan lede uitbetaal.

**2008**
Laaste jaar wat KKK sy resultate as een groep bekendmaak.

Lede stem in Julie vir die herstrukturering van die besighede. Drie afsonderlike maatskappye sal bedryf word.
Klein Karoo International, Klein Karoo Handel en Meganisasie en Klein Karoo Saad

Saadpryse is met tussen 10% en 40% verhoog, afhangend van die gewas.

**2009**
Vestiging van die Landmark-konsessie vir al vyf Klein Karoo Handelstakke.

Suksesvolle ontbondeling van die groep wat lei tot onafhanklike maatskappye vir Klein Karoo International (KKI), Klein Karoo Saad Produksie (KKSP), Klein Karoo Saad Bemarking (KKSB) en Klein Karoo Handel, Meganisasie en Dienste.

**2010**
Klein Karoo Koöperasie is omskep in Klein Karoo (Edms) Bpk (KKEB).

**2012**
KKSP behaal 'n rekordjaar in omset en winste deur middel van 'n toename in saadproduksie in die gebied. Aanvullende betalings word aan kwekers gemaak.

**2014**
Klein Karoo groep bekom 'n plaaslike vulstasie genaamd Klein Karoo Engen.

Reinders Garage vulstasie te Ladismith word opgradeer en geopen in November.

Klein Karoo Saad Bemarking word verkoop.

**2015**
70ste se bestaansjaar word gevier.

In Oktober stel Klein Karoo Handel, Meganisasie en Dienste sy nuwe handelsmerk, bekend as Klein Karoo Agri - JOU EIE!, aan produsente en kliënte bekend.

**2016**
Klein Karoo Agri open op 24 Mei 'n nuwe handelstak te Beaufort-Wes.

Op 1 Julie word Klein Karoo Agri (Edms) Bpk (KKA) as maatskappy gevestig.

September implementeer KKA sy eie lojaliteitsprogram.

**2017**
In Julie verkry KKA die Case IH-agentskap by die Meganisasie-afdeling.

Oudtshoorn se vulstasie word geskuif, opgradeer en geopen in Julie.

**2018**
Beaufort-Wes-tak se vulstasie word opgradeer en geopen in Mei.

De Rust-tak se vulstasie word opgradeer en geopen in September.

**2019**
KKI & Mosstrich smelt saam en 'n nuwe maatskappy naamlik CKI word gevestig.

**2020**
Op 27 Maart word 'n nasionale staat van inperking van krag ten opsigte van die Covid-19 pandemie.

75ste bestaansjaar word herdenk.

**2021**
'n Nuwe weidingsaadmaatskappy, naamlik Agrofors, word gestig deur KKSP.

Seed Quality Services (SQS) word as ISTA geakkrediteerde laboratorium gemagtig.

KKS koop Besemkop as proefplaas

**2022**
Klein Karoo Saad (KKS) groep word geherstruktureer met Agrofors en Klein Karoo Saad Produksie wat onafhanklik handel dryf.

KKEB verklaar dividende en betaal ledebelang uit.

**2023**
Die Klein Karoo hoofgebou word opgradeer en is die tuiste van KKEB, KKA en KKS.

**2024**
KKA se JOU EIE! sentrum open op 31 Oktober.

KKA se vulstasie-besigheid word geherstruktureer - Klein Karoo Fuels en Klein Karoo Agri Empowerment Holdings word gestig.

Klein Karoo Finansiële Dienste word gestig met die primêre fokus op versekering.

Agrofors bekom Seednet, 'n weidingsaadmaatskappy in die noorde van die land.

**2025**
Die Klein Karoo Groep vier sy 80ste bestaansjaar.

# ONS BELEGGINGS

## Klein Karoo (Edms) Bpk beleggings

Klein Karoo Eiendoms Beperk is 'n landboumaatskappy wat sy inkomste hoofsaaklik uit die landbou-waardeketting verdien. Die Groep se beleggings is in die volgende ondernemings:

Klein Karoo (Edms) Bpk
2010/011129/07

100% Filiaal
Klein Karoo Agri (Edms) Bpk
2014/157677/07

- 100% Filiaal
  Reinders Garage (Edms) Bpk
  2015/298887/07
- 90% Filiaal
  Klein Karoo Fuels (Edms) Bpk
  2023/821628/07
  - 10% Belegging
    Klein Karoo Agri Empowerment Holdings (Edms) Bpk
    2023/120469/07

100% Filiaal
Klein Karoo Finansiële Dienste (Edms) Bpk
2024/310257/07

100% Filiaal
Klein Karoo Saad (Edms) Bpk
2003/003815/07

- 100% Filiaal
  Klein Karoo Saad Produksie (Edms) Bpk
  2004/011315/07
- 100% Filiaal
  Agrofors (Edms) Bpk
  2004/019997/07

57.6% Belegging
CapeKaroo International (Edms) Bpk
1998/011059/07

| MAATSKAPPY | KONTAKNOMMER | WEBBLAD |
|---|---|---|
| Klein Karoo Eiendoms Beperk | 044 203 5100 | www.kleinkaroo.com |
| Klein Karoo Agri Eiendoms Beperk | 044 203 5100 | www.kleinkarooagri.co.za |
| Klein Karoo Saad Eiendoms Beperk | 044 203 5259 | www.seedproduction.co.za |
| Agrofors Eiendoms Beperk | 044 203 5295 | www.agrofors.co.za |
| Cape Karoo International Eiendoms Beperk | 044 203 6200 | www.capekarooint.com |
| Klein Karoo Finansiële Dienste Eiendoms Beperk | 044 203 5182 | www.kkfd.co.za |

# **KLEIN KAROO** EIENDOMS BEPERK

Voorsittersverslag

## JAAR ONDER OORSIG

Wat landbou in Suid-Afrika betref was daar groot uitdagings soos bek-en-klouseer uitbraak, Avian Influenza, hoër Amerikaanse invoertariewe, ESKOM verhogings, ens. wat 'n direkte impak op ons besigheid het, maar ten spyte daarvan het die besigheid besonder goed gepresteer.

Die jaar onder oorsig was vir Klein Karoo Eiendoms Beperk weer 'n besondere goeie jaar met rekord aanvullende en lojaliteitbetalings aan ons produsente.

Klein Karoo Agri het die winkelsentrum ontwikkeling suksesvol afgehandel. Die Suzuki-agentskap doen baie goed en so ook die Vida e Caffè wat deur KKA besit word. Bestuur word geluk gewens met die ontwikkeling en sien uit na die waarde wat oor tyd vir die Groep se aandeelhouers ontsluit sal word.

Klein Karoo Saad het ook die Agrofors besigheid met sukses in die weidingsaad wêreld gevestig. Die proefplaas met die groot verskeidenheid kultivars is vir produsente van groot waarde.

Daar is gedurende die afgelope jaar 'n nuwe filiaal opgerig naamlik Klein Karoo Finansiële Dienste. Klein Karoo Finansiële Dienste is met sukses uitgerol en daar word beplan om dit nog verder uit te brei.

## FINANSIËLE RESULTATE

Klein Karoo Agri het vanjaar goed gepresteer en die lojaliteitbetaling van R 8,7m is die bewys dat produsente die besigheid goed ondersteun. By Klein Karoo Saad is vanjaar 'n aanvullende betaling van R70 miljoen gedoen wat die grootste aanvullende betaling nog is.

Die totale omset vir die 2024/25 finansiële jaar is die hoogste ooit en bedra R2,2 miljard. Daar is baie dankbaarheid hiervoor en produsente word bedank vir hul lojale ondersteuning.

## GROEPSBENADERING

Bedrywighede in die Groep word gedesentraliseerd bestuur en daar word gestreef om 'n betroubare landbou-maatskappye vir ons produsente te bly wat konsekwente geleenthede bied om produkte ten beste te gelde te maak en bekostigbare insette vir boerdery-bedrywighede te bekom.

Die Groep is daartoe verbind om 'n goeie balans tussen produsentewelvaart en 'n gesonde groep maatskappye te verseker.

## KORPORATIEWE BESTUUR

Die Groep bly streef daarna om korporatiewe bestuur op die hoogste vlak te hou. Dit bly belangrik om die beginsels van goeie korporatiewe bestuur toe te pas, te monitor en te evalueer.

## PERSONEEL

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om al die personeel en werknemers van Klein Karoo Agri, Klein Karoo Saad asook Klein Karoo Eiendoms Beperk baie dankie te sê vir hul toewyding en harde werk. Hierdie resultate kom nie vanself nie en dit is net die regte mense wat hierdie resultate moontlik maak.

## DIREKSIE


Wat ons buite-direkteure, naamlik Hennie van der Merwe, Japie Gouws en Niel Fourie betref, baie dankie vir julle bydrae. Dit is deel van ons besigheid se sukses en julle bydrae bly vir ons van groot waarde.


Aan ons Hemelse Vader alle eer vir die seën en sukses wat die Groep die afgelope tyd beleef.


JH Delport (Voorsitter)


# FINANSIËLE OORSIG


Die resultate in onderstaande grafieke soos geopenbaar vir 2021, 2022, 2023, 2024 en 2025




# KLEIN KAROO EIENDOMS BEPERK

Bestuursverslag: Groepsoorsig

## GROEPSTRUKTUUR EN BENADERING

Klein Karoo Eiendoms Beperk (“KKEB”) is ’n landbou-beheermaatskappy met twee hoof filiaalbedryfsmaatskappye in sy stal: Klein Karoo Saad Eiendoms Beperk (“KKS”) en Klein Karoo Agri Eiendoms Beperk (“KKA”). Verder hou KKEB ook ander beleggings en sub-filiale.

KKS spesialiseer in die produksie van hoë kwaliteit groente- en weidingsaad op ‘n kontrakbasis met produsente vir saadmaatskappye regoor die wêreld, terwyl KKA fokus op die verskaffing van landboubenodigdhede wat meganisasie, besproeiing en brandstof insluit. Klein Karoo Veilings en Veebemarking is deel van KKA. Elke maatskappy beskik oor ’n eie raad van direkteure asook ’n uitvoerende bestuur wat verantwoordelikheid op bedryfsvlak neem.

Die afsonderlike verslae van die hoof filiaalbedryfsmaatskappye is hierby ingebind en omskryf die bedrywighede en doelwitte wat hierdie filiale oor die afgelope finansiële jaar bereik het.

KKEB hou ‘n meerderheidsbelang met beperkte stemreg in Cape Karoo International Eiendoms Beperk (“CKI”), die resultaat van die samesmelting van die twee volstruisbesighede, Klein Karoo International en Mosstrich 'n aantal jare gelede. Die belang word in die finansiële state as ‘n ander finansiële bate ingesluit. Die historiese waarde van hierdie bate beloop R527 miljoen.

Die Klein Karoo Groep streef daarna om betroubare landboumaatskappye vir produsente te bly deur konsekwente geleenthede te bied om produkte ten beste te gelde te maak en bekostigbare insette vir die boerderybedrywighede te bekom. Die Groep is verbind daartoe om ‘n goeie balans tussen produsentewelvaart en ’n gesonde groep van maatskappye te verseker.

## WERKSAAMHEDE

Op groepsvlak is KKEB verantwoordelik vir ’n aantal korporatiewe funksies insluitende die bestuur van aandeelhouers, sekretariële dienste, tesourie, inligtingstegnologie (IT), Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) en versekering vir die Groep. KKEB is ook verantwoordelik vir die identifisering en ondersoek van nuwe bedryfsvertakkings en beleggingsgeleenthede vir die Groep.

**Aandeelhouers:**

Eienaarskap van KKEB word deur 680 aandeelhouers gehou. Volgens die Akte van Oprigting word aandeelhouers geleentheid gebied om jaarliks nie-uitvoerende direkteure te verkies. Tydens die Algemene Jaarvergadering van verlede jaar, was daar gesonde mededinging nadat drie kandidate verkiesbaar gestel is en vakatures vir slegs twee bestaan het.

**Tesourie:**

‘n Onafhanklike oorsig van die Groep se bankfasiliteit het plaasgevind. Finansierings- en bankkoste is geëvalueer. Die uitkoms van die oorsig het ondersteuning gebied om met ABSA as primêre bankier voort te gaan. Op 30 Junie 2025 het die Groep R370m van die beskikbare R593m bedryfsfasiliteite benut.

**Korporatiewe administrasie:**

Die Groep het ‘n digitale platform in werking gestel waar aandeelhouers klagtes, voorstelle en versoeke anoniem kan rapporteer. Die platform staan bekend as Briefseal. Om op hoogte te bly van die nuutste veranderinge, ondergaan die raad gereeld opleiding. Die afgelope jaar se opleidingsfokus is op die King Kode beginsels geplaas. Die Groep het daarin geslaag om ‘n vlak 8 BBSEB-telkaart te behaal. Meer volledige inligting is by die korporatiewe bestuursverslag op bladsy 17 ingesluit.

**Inligtingstegnologie:**

Kunsmatige intelligensie (KI) bied voordele, maar ook kommerwekkende risiko’s en uitdagings. Die Groep ontsluit waarde uit positiewe aspekte en stel afdekkingsmetodes in plek vir die risiko’s wat KI inhou. Die Groep het onlangs ‘n KI-beleid, wat gebruik en prosedures spesifiseer, opgestel en geïmplementeer.

Penetrasietoetse, deur middel van gesimuleerde kuber aanvalle, is gedurende die jaar op die netwerke uitgevoer. Dit stel die Groep in staat om die sekuriteitsposisie proaktief te beoordeel en te verbeter, om sodoende potensiële data-oortredings en stelselonderbrekings te voorkom.

# KLEIN KAROO EIENDOMS BEPERK

Bestuursverslag: Groepsoorsig (vervolg)

**KKEB-eiendom:**
Die Van der Rietstraat-perseel wat hoofsaaklik eksterne huurinkomste gegeneer het, is op 12 Maart 2025 aan KKS oorgedra. As deel van die langtermyn uitbreiding en verwagte tekort aan stoorgeriewe word Van der Rietstraat deur KKSP vir produksie aangewend. Interne benutting (landbouproduksie) kry voorkeur bo eksterne huur-inkomste.

**Finansiële Dienste:**
Onder leiding van KKEB-bestuur het Klein Karoo Finansiële Dienste ("KKFD") die eerste jaar van besigheid met 'n premie realisasie van R13,3m afgesluit. KKFD het eerstens gefokus op interne risiko afdekking van die Groep, en tweedens as tussenganger met maksimum waarde-oordrag aan produsente wat die sub-filiaal ondersteun.

Intergroep premies word hoofsaaklik toegeskryf aan dienste gelewer aan Klein Karoo Saadproduksie vir spesifiek geïdentifiseerde risiko's met langtermyn realisasie. Die metode van realisasie word bewerkstellig deur gebeurlikheidspolisse.

Eksterne premies is toe te skryf aan oesversekering-agentskappe met Santam en AgriSeker waar deur haelrisiko's afgedek is. KKFD het vir die jaar onder oorsig 40% van komissie-inkomste gegenereer as lojaliteitsbetaling aan produsente terugbetaal.

Navorsing vir die skep van 'n alternatief tot bestaande beperkte markdeelnemers in oesversekering word tans ondersoek.

## GROEPRESULTATE
Die strukturele en ekonomiese uitdagings wat Suid-Afrika in die gesig staar is deel van die daaglikse realiteit. Desnieteenstaande het omset met 11,4% tot R2,2 miljard toegeneem.

Netto wins na belasting toeskryfbaar aan aandeelhouers het R85,1 miljoen beloop. Totale bates het R1,9 miljard beloop, teenoor R1,8 miljard op 30 Junie 2024. Die Groep se kapitaalspandering het R58,0 miljoen beloop. Hiervan het die spandering aan grond en geboue R33,6 miljoen beloop; aanleg, toerusting, rekenaartoerusting en meubels R20,7 miljoen; en voertuie R3,7 miljoen. Waardevermindering vir die jaar het R16,7 miljoen beloop.

Die bedryfsaktiwiteite van die Groep het R34 miljoen se kontant laat uitvloei. Die netto beweging uit beleggingsaktiwiteite het R20,3 miljoen laat uitvloei en finansieringsaktiwiteite het R18,3 miljoen laat invloei. In totaal was daar dus 'n netto afname in kontant van R36,2 miljoen, wat die kontanttekort van die begin van die jaar laat toeneem het. In alle ondernemings, asook op groepvlak, is die fokus deurlopend op kontantvloeibestuur om aanvaarbare skuldverhoudings asook voldoende finansieringsfasiliteite te handhaaf.

## TEN SLOTTE
Daar is 'n deeglike bewustheid van die voortdurende veranderende uitdagings en daarom word onverpoosd daarna gestreef om nóg beter te presteer in belang van elke aandeelhouer.

Die direksie, bestuur en personeel van KKEB en sy filiale word bedank vir hulle volgehoue harde werk en toewyding tot die sukses van die besigheid. Dankie ook aan elke produsent vir lojale ondersteuning.

Deur koöperatiewe samewerking en sinergie sal vooruitsigte van volhoubare landboubedrywighede en sukses verseker word.



PC Barnard (Bestuurder)

## DIREKSIE:


JH Delport
Voorsitter


SS Laubcsher
Onder-Voorsitter


PC Barnard
Bestuurder



JJ van Niekerk
Direkteur



N Fourie
Direkteur



JH Terblanche
Direkteur


PL Coetzee
Direkteur


HR van der Merwe
Direkteur


OMSET
R MILJOEN
2022
2023
2024
2025
475
712
839
1043
899
1114
1150
1173
KKS
KKA


NETTO WINS
R MILJOEN
2022
2023
2024
2025
4
8
47
6
22
35
45
64
12
13
15
13
KKEB
KKS
KKA


GROEP
BATES
R MILJOEN
2024
7.27
39.07
83.08
Voertuie
Aanleg en toerusting
Grond en geboue
2025
8.51
49.75
126.30
Voertuie
Aanleg en toerusting
Grond en geboue


Klein Karoo Seed Production
AGROFORS
Seed
Quality
Service
AGROFORS
GREEN DRAGON
WESTERWOLD RAAIGRAS
KKS
Klein
Karoo
Saadproduksie
Seed Production

# KLEIN KAROO SAAD

## Besturende direkteursverslag

Vanjaar is ’n besondere jaar vir KKS. Die besigheid het sy ontstaan gehad in April 1945 as Klein Karoo Landbou Koöperasie. Dit is ’n algemeen bekende feit dat die eerste produkte van die nuutgestigde koöperasie, ingesluit het lusernsaad, boontjiesaad, ertesaad en verskeie ander produkte. Die eenkanaal bemarkingstelsel vir volstruise is in 1958 aangekondig en is daarna geadministreer deur KKLK. Op 15 Augustus 1980 het KKLK die voorbeeld van ander saadproduseerders in die Klein Karoo gevolg en het Klein Karoo Saad sy ontstaan gehad met sy huidige filiale Klein Karoo Saadproduksie (KKSP) en Agrofors (AF). Dit is vir ons ’n voorreg om vanjaar terug te kyk op die laaste 80 jaar van ons bestaan en ook ons betrokkenheid by saadproduksie vir die afgelope 45 jaar.

Die jaar onder oorsig was ’n goeie jaar. Soos elke jaar was dit nie sonder uitdagings nie, maar dit was oorwegend ‘n baie bevredigende jaar. Daar is wel in sekere streke, bestuiwingsuitdagings ervaar op veral uie, maar oor die geheel was beide uie- en lenteuie-opbrengste goed vanjaar. Dit was egter ’n uitstekende wortel jaar en goeie opbrengste en kwaliteit is vanjaar oor ‘n wye gebied met wortels behaal. Dit het grootliks daartoe bygedra dat KKS weereens “ons beste jaar ooit” kon behaal.

Ons is baie trots daarop dat die groeikurwe van die afgelope aantal jare gehandhaaf kon word met ’n toename van 24,3% in die omset van Klein Karoo Saad met al sy filiale tot ’n totaal van meer as R1 miljard.

Daarmee saam het die omset van Klein Karoo Saad Produksie in die jaar onder oorsig, toegeneem met 24.5% wat grootliks te danke is aan groter oppervlaktes onder saadproduksie, maar ook die goeie prestasie van produsente. Die goeie resultate het tot gevolg dat vanjaar ’n rekordbedrag van R70 miljoen goedgekeur kon word wat as 'n aanvullende betaling aan produsente uitbetaal is.

Die weidingsaadmaatskappy, Agrofors, is besig om te vestig en is die afgelope jaar baie tyd en geld gespandeer aan die verkryging van nuwe voorraad, verkryging van die beste kultivars, regte voorraad op die regte plek en ook om die regte mense in die regte poste aan te stel.

Die weidingsaad bemarkingsnetwerk is uitgebrei met die verkryging van Seednet in die noorde van die land. Die eerste Agrofors weidingsaad transaksie is in Januarie 2022 gedoen en sedertdien het die besigheid ontwikkel tot een van die toonaangewende weidingsaadmaatskappye in Suid-Afrika. Dit is grootliks te danke aan die vestiging van uitstekende verhoudinge met verskaffers van weidingsaad van oor die hele wêreld en kan bevestig word dat toegang tot van die beste genetiese materiaal in die wêreld bekom is. Dit plaas KKS op die voorpunt van geskikte probleem oplossings vir die veeboer met die regte voervloei-programme vir elke situasie.

Die beste oplossings vir volhoubare landbou, dekgewasse en minimum bewerkingspraktyke, word aangebied. Daar is reeds belê in van die beste toerusting in die wêreld vir saadbehandeling en verpillingstegnieke. Produsente word uitgenooi om met ’n tegniese bemarker kontak te maak om die beste oplossing vir unieke omstandighede te vind.

Natuurlik was die jaar nie sonder uitdagings nie. Toename in saadproduksiekontrakte saam met uitstekende saadproduksie opbrengste, het daartoe aanleiding gegee dat die saadskoonmaakafdeling en saadtoetslaboratorium onder druk gekom het. Daar is tans ekstensiewe uitbreidings in die saadskoonmaakafdeling met die toevoeging van drie nuwe saadskoonmaaklyne en die opgradering en herposisionering van die elektroniese sortering kapasiteit. Hierdie verbeterings voeg ’n verdere 60% kapasiteit tot die saadskoonmaakafdeling toe wat sal bydra om saadlotte vinniger af te handel sodat produsente vinniger uitbetaal kan word.

Daar is vanjaar toegetree tot die produksie van sekere soorte weidingsaad, grane en agronomiese gewasse in die noorde van die land. Dit was ’n harde leerskool met nuwe unieke uitdagings. Tans word die ritme hiermee gevind en sal in die toekoms in die noorde sowel as die suide van die land sekere van die gewasse geproduseer word. Daar word in die jaar aandag geskenk aan die skep van addisionele skoonmaak- en stoor-kapasiteit vir die nuwe reeks gewasse in belangrike bemarkingsgebiede.

# **KLEIN KAROO** SAAD

## Besturende direkteursverslag(vervolg)

Daar is besluit om die lusern en weidingsaad skoonmaak-aanlegte te verskuif na die Van der Rietstraat fasiliteite. In die komende jaar sal alle ander afdelings van Agrofors, ook daarheen verskuif. Voordat dit egter kan gebeur moet sekere noodsaaklike verbeterings en veranderings aan die geboue aangebring word om dit geskik te maak vir die vereistes van ’n toonaangewende weidingsaadmaatskappy.

Die jaar onder oorsig sal onthou word vir die voortgesette politieke onrus in verskillende dele van die wêreld, onder andere die oorloë in Oekraïne en Gaza. Ons word steeds direk en indirek hierdeur beïnvloed. Die grootste impak op KKS is egter die handelsoorloë wat ontketen word deur die tariewe wat in die onlangse verlede deur die VSA ingestel is.

Ten tye van die skrywe van die verslag, was dit nog onseker hoe dit KKS gaan beïnvloed, maar dit sal sonder enige twyfel, wel ’n geweldige impak hê.  Die nuutste beskikbare inligting bevestig dat die AGOA- ooreenkoms inderdaad nou iets van die verlede is. Tans is die tarief op saad steeds 30% vir alle uitvoere direk na die VSA, maar ook op alle saad wat via ander bestemmings na die VSA gaan. Ons is baie dankbaar dat die meeste van ons saad vir 2025, reeds uitgevoer is.


Voor die 2026 lewerings sal dringende gesprekke gevoer word met kliënte wat hierdeur geraak gaan word. Om te verwag dat die mark opeens ‘n 30% tarief kan absorbeer, is nie realisties nie. Om te voorkom dat ons kontrakte in die toekoms verloor, sal ons met innoverende gesprekke en planne vorendag moet kom. Daar word gepoog om sover as moontlik die impak te absorbeer maar in die toekoms kan dit ook op beskikbaarheid en pryse van saadkontrakte impakteer.


Te midde van toenemend moeilike ekonomiese toestande, reg deur die wêreld, was daar positiewe tendense in die internasionale landbou, maar ook in Suid-Afrika. Vir die afgelope aantal maande is geen beurtkrag ervaar nie. Dit is inderdaad baie positief en verbeter produsente se vermoë om puik watertoediening en elektrisiteitsbestuur toe te pas. Daarmee saam het die prys van kunsmis en chemikalieë baie afgekom en direk bygedra tot verlaging in direkte insetkostes op die plaas.

Ten spyte van relatief min reën die afgelope paar maande, is daar nog voldoende water in die damme en skep dit die geleentheid vir produsente om die beskikbare water te benut om nuwe produkte te vestig en nuwe inisiatiewe op die plaas aan te pak. Die impak van klimaatverandering regdeur die wêreld, impakteer Suid-Afrika op verskillende maniere. Natuurlik is Suid-Afrika nie vrygestel van die impak van klimaatsverandering nie, wat grootliks manifesteer in die voorkoms van klimaat uiterstes, en is daar in Suid-Afrika ook groter voorkoms van klimaatrampe. Die droogte van 7 jaar wat in 2022/23 geëindig het, is ‘n bewys hiervan. Aan die anderkant is ons produksiegebiede bevoorreg dat hulle dalk ‘n bietjie minder geraak word deur klimaat uiterstes soos vloede, wind, storms ens. Dit veroorsaak ongetwyfeld ’n bietjie meer stabiliteit as in ander produksiestreke. Dit werk beslis in KKS se guns met meer produksies wat na hierdie produksiegebiede verskuif word. Dit saam met die toename in die wêreldbevolking en veranderende eetgewoontes in baie derdewêreld lande, veroorsaak dat meer saad benodig word as ooit in die verlede. KKS en KKS se saadprodusente sal voortaan die voordeel hiervan trek.

By voorbaat dank

DE Malan (Besturende direkteur)




**DIREKSIE:**



JH Delport, Voorsitter | JJ van Niekerk, Onder-Voorsitter | DE Malan, Bestuurende Direkteur | SS Laubscher, Direkteur | N Fourie, Direkteur | JH Terblanche, Direkteur | PL Coetzee, Direkteur | HR van der Merwe, Direkteur | JD Gouws, Direkteur | PC Barnard, Maatskappysekretaris


SUPERSPAR
SUPERSPAR
tops!
JOHNSON WORKWEAR
CLICKS
absa


SUZUKI
Oudtshoorn


CASE IH
KLEIN KAROO AGRI

# KLEIN KAROO AGRI

## Besturende direkteursverslag

Die afgelope jaar was daar verskeie noemenswaardige gebeurtenisse vir die Klein Karoo Agri-groep (KKA). Die opening van JOU EIE! Sentrum het plaasgevind op 31 Oktober 2024. Die sentrum bestaan uit 'n Superspar, Clicks, ABSA, Vida e Caffè, KFC en Brilliant Computers en vorm 'n goeie besigheidseenheid saam met al die bestaande besighede op die perseel. KKA open ook sy eerste motorhandelaar, naamlik Suzuki Oudtshoorn en word die handelstak op Oudtshoorn vergroot om die MICA-hardeware gedeelte uit te brei.

Die opening van JOU EIE! Sentrum gaan op die korttermyn druk plaas op Klein Karoo Agri se wins, maar op die langtermyn hou dit groot voordele in.

KKA het die eiendom op Oudtshoorn waarvan hy handel dryf, by KKEB gekoop. Die KKA-groep besit nou al die eiendom waar hy besigheid doen.

Daar is 'n spesifieke strategie wat gevolg word om te verseker dat KKA volhoubaar winsgewend sal wees om sodoende produsente te ondersteun en vir hulle waarde toe te voeg. KKA het gevestigde takke op plattelandse dorpe waar die doelwitte en prioriteite is om goeie diens aan produsente en die gemeenskap te lewer.

Die Klein Karoo het sy unieke uitdagings wat eie is aan die streek. Saam met die unieke uitdagings oorheers die Amerikaanse President, Donald Trump, se optrede en uitlatings die wêreld-ekonomie. Suid-Afrika spring nie die optrede van Amerika vry nie en skep dit saam met die oorloë 'n klimaat van onsekerheid.

Teen hierdie agtergrond is dit besonders positief dat KKA 'n goeie jaar beleef het. Goeie strategiese besluite op die regte tye het bygedra tot goeie resultate. Landbou in Suid-Afrika het die afgelope aantal jare sterk groei gehandhaaf en was dit ook sigbaar in KKA se syfers.

KKA het die 2025-finansiële jaar afgesluit met 'n omsetsyfer van R1,173 miljard (2024: R1,150 miljard). Die maatskappy se hoofdoel is om die voorkeurverskaffer van landbou-insette vir produsente in die streek te wees. Daar sal volgehou word om besigheid vanaf 'n lae oorhoofse kostestruktuur te doen tot voordeel van produsente en om goeie kliënteverhoudinge te handhaaf.

Die lae marges waarteen KKA besigheid doen, moet gesien word as ondersteunend aan KKA se primêre doel, naamlik die voorsiening van pryskompeterende insette wat benodig word in die daaglikse landbou-omgewing. Daar word baie klem geplaas op uitgawe- en kostebestuur op alle vlakke in die maatskappy. KKA behaal 'n netto wins voor belasting van R18,4 miljoen vir die 2025-finansiële jaar.

KKA se handelstakke het oor die algemeen goed presteer in die finansiële jaar onder oorsig en word daar voortdurend klem daarop geplaas om markaandeel te beskerm deur middel van kompeterende pryse en goeie kliëntediens.

Die vrugtebedryf bly uitdagend. Die oeste van vrugte-produsente verbeter elke jaar. Daar is die afgelope seisoen meer kartonne vrugte verpak en het die vrugte-afdeling die jaar goed afgesluit.

Die strategiese besluit om met Case, Northmec-implemente, Case-konstruksie, Rovic Leers en verskeie ander geselekteerde verskaffers van landboumasjienerie en toerusting langtermyn vennootskappe te vestig, werp vrugte af. Die meganisasie-afdeling bly 'n prioriteit, waar KKA waarde vir elke produsent kan toevoeg.

Die vee-veiling en -verhandelingsafdeling het ook goeie resultate opgelewer. Die biosekuriteit in die lewendehawe sektor neem krisis-afmetings aan. Onvoldoende beskikbaarheid van entstowwe en 'n gebrek aan beheer skep groot risiko's. Die onvermoë om bek-en-klouseer onder beheer te kry het 'n groot impak op die bedryf, wat veral veilingsgetalle op hierdie stadium negatief beïnvloed. Met alles in ag geneem is die tak steeds winsgewend.

Reinders Garage (Edms) Bpk wat bestaan uit die twee 24-uur vulstasies in die KKA-Groep, het 'n positiewe bydrae tot KKA se resultate gelewer.

Suzuki Oudtshoorm vorm deel van die KKA-groep en word bedryf as 'n tak binne die maatskappy. Die nuwe agentskap se eenhede verkoop is op begroting, maar word die netto wins nog nie behaal nie.

KKA se eie koffiewinkel, Vida e Caffè, as deel van die JOU EIE! Sentrum, is 'n plek waar produsente en die publiek almal lekker saam kuier, met die beste koppie boeretroos en iets om te eet.

# KLEIN KAROO AGRI

## Besturende direkteursverslag(vervolg)

KKA het oor die afgelope jaar weer bewys dat hy 'n vennoot vir sy produsente is. Na die goeie reën in die streek, het produsente insetkoste finansiering benodig en het KKA produsente gehelp na die langdurige droogte. Kredietverlening word op 'n verantwoordelike wyse bestuur. Daar vind kwartaalliks 'n Raadskredietkomitee-vergadering plaas waar die debiteure oorweeg en bespreek word. As 'n geregistreerde kredietverskaffer is een van KKA se kernfunksies om krediet aan produsente binne die gedragskode en regulatoriese vereistes van die Nasionale Kredietreguleerder te verskaf. Kredietverskaffing bly 'n integrale deel van die handelsomgewing en moet die verskaffing in terme van die voorgeskrewe wetgewing beklemtoon word.

Met KKA se unieke lojaliteitsprogram word lojale kliënte beloon vir hul getroue ondersteuning. 'n Jaarlikse kontantuitbetaling word aan alle bloukaarthouers gedoen. Dit word bereken op grond van aankope gedurende die betrokke finansiële jaar vanaf Klein Karoo Agri se handelstakke, meganisasie- en besproeiings-afdelings. Om 'n goeie balans te handhaaf tussen 'n groeiende maatskappy en die welvaart van produsente, betaal KKA deur sy lojaliteitsprogram vir die 2025-finansiële jaar R8,7 miljoen uit. Die bedrag beloop 30% van die KKA-groep se totale netto wins voor belasting.

Klein Karoo Fuels (Edms) Bpk (KKF) is gestig om aan die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie se vereistes te voldoen. Hierdie maatskappy bestaan uit die ses vulstasies by elk van KKA se ses handelstakke. Hierdie maatskappy se bydrae tot die Klein Karoo Agri-groep se netto wins voor belasting beloop R3,6 miljoen vir die 2025-finansiële jaar.

Klein Karoo Agri Empowerment Holdings (Edms) Bpk (KKAEH) is 'n nuwe maatskappy wat sy eerste volle jaar voltooi het in die 2025-finansiële jaar. Die aandeelhouers van KKAEH bestaan uit alle twee-weeklikse besoldigde werknemers van die KKA-groep, wat langer as vyf jaar aaneenlopende diens het. KKAEH besit 10% van KKF se aandele. Op hierdie wyse word lojale werknemers van die KKA-groep bemagtig en ook vir hul getroue diens beloon.

KKA se bestuurspan dryf elke dag om die bes moontlike resultate te behaal ondanks al die daaglikse uitdagings wat oor ons pad kom. Die bestuurspan is 'n energieke en dinamiese span. Klein Karoo Agri se personeel is die belangrikste bate vir die maatskappy. Dankie aan elke personeellid wat hulle werk met soveel trots en passie doen en vir jul bydrae tot die afgelope jaar se resultate.


KKA sal bly fokus op dienslewering en om 'n vennoot vir elke produsent te wees. Saam sal ons die ekonomie laat groei in ons streek. Ons sal steeds poog om op 'n wye front betrokke te wees by die gemeenskap.


Baie dankie aan elke produsent en kliënt vir julle lojale ondersteuning. Julle is deel van Klein Karoo Agri se suksesverhaal.

Ons beleef elke dag ons afhanklikheid van ons Skepper. Alle eer en lof gaan aan ons Hemelse Vader wat daagliks in oorvloed voorsien.



JET du Plessis (Besturende direkteur)








**DIREKSIE:**


SS Laubscher
Voorsitter


JH Delport
Onder-Voorsitter


JET du Plessis
Direkteur


HR van der Merwe
Direkteur


JH Terblanche
Direkteur


PC Barnard
Maatskappysekretaris

# SOSIAAL, ETIEK EN TRANSFORMASIE

## KOMITEE VERSLAG

### SAMESTELLING

Die sosiaal, etiek en transformasiekomitee van Klein Karoo Eiendoms Beperk ("die komitee") bestaan uit sewe nie-uitvoerende direkteure wat jaarliks deur die direksie aangewys word. Die komitee vergader minstens drie keer per jaar. Die komitee het gedurende die jaar tot op datum van hierdie verslag uit die volgende lede bestaan:

PL Coetzee (Voorsitter)
JH Delport
N Fourie
JD Gouws
SS Laubscher
JH Terblanche
JJ van Niekerk

### SLEUTELFUNKSIES

Die komitee se rol, verantwoordelikhede en funksies word voorgeskryf deur die Maatskappywet 71 van 2008 en is verder uiteengesit in 'n formele handves wat deur die raad van direkteure goedgekeur is. Die komitee vervul 'n oorsigrol en is verantwoordelik vir die monitor, advisering en verslagdoening aan die direksie en aandeelhouers oor die Groep se handelinge, praktyke en prestasie ten opsigte van:

- Sosiale en ekonomiese ontwikkeling;
- Borgskappe, donasies en welsynsbydraes;
- Wet op Gelyke Indiensneming;
- Wet op Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB);
- Goeie korporatiewe burgerskap;
- Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitend die impak van die Groep se bedrywighede, produkte en dienste; en
- Arbeid en werksverrigting.

Die Groep se waardes wat bogenoemde aanspreek word in meer besonderhede later in die jaarverslag uiteengesit. Die komitee het uitvoering aan die kernaspekte gegee en die Groep se optrede as verantwoordelike, korporatiewe en sosiale rolspeler oorweeg deur middel van die beoordeling van bedrywighede, spesifieke wetgewing, wetlike vereistes en etiese gedragskodes.

### MENING

Die komitee is van mening dat die Groep se nakoming van sosiale en etiese vereistes voldoen aan alle wetgewing, sowel as aan dit wat van 'n verantwoordelike korporatiewe instelling verwag word.

PL Coetzee (Voorsitter van komitee)





# KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG

## DOELWIT EN STRATEGIE

Die struktuur van Klein Karoo Groep is daarop gemik om op sekere hoofaktiwiteite binne die Groep te fokus, naamlik saadaktiwiteite, handel, meganisasie en dienste.

## KORPORATIEWE BESTUUR EN KING IV

Klein Karoo Eiendoms Beperk en sy filiale bedryf hulle ondernemings volgens die hoogste standaarde van korporatiewe bestuur en in die belang van alle belanghebbendes. Ons glo in deursigtige kommunikasie om te verseker dat alle belanghebbendes, veral aandeelhouers, goed ingelig is.

Die direksie is daartoe verbind om, ondanks die huidige uitdagende omstandighede, die Groep met die nodige verantwoordelikheid en omsigtigheid te bestuur en sy verantwoordelikheid teenoor alle aandeelhouers, personeel en kliënte na te kom. Die direksie onderskryf dus die beginsels van goeie korporatiewe bestuur en is verbind tot die behoorlike nakoming van hul pligte en verantwoordelikhede, soos uiteengesit in wetgewing en toepaslike gedragskodes.

Die Groep ondersteun die bestuursuitkomste en praktyke soos vervat in die King IV-kode, naamlik etiese kultuur, prestasie en waardeskepping, voldoende en effektiewe beheer, vertroue, goeie reputasie, en legitimiteit. King IV behels ’n klemverskuiwing na holistiese en geïntegreerde denke, bestuur en verslagdoening. Die Groep streef daarna om aan die King IV-kode se voorgestelde praktyke te voldoen, en fokus word deurgaans geplaas op belanghebbendes, deursigtigheid en openbaarmaking. Waar daar spesifieke voorstelle weens praktiese redes nie geïmplementeer kan word nie, sorg bestuur dat alternatiewe prosesse wel oorweeg word.

## RISIKOBESTUUR

Doeltreffende risikobestuur op ’n ondernemingswye grondslag is noodsaaklik vir die lewering van volhoubare prestasie. Risikobestuur is stewig in die kultuur van die Groep geanker.

Die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir risikobestuur setel in alle vlakke van die organisasie van die direksie tot by elke besigheidsbestuurder en werknemer.

Die Groep het ’n formele risiko-evalueringsproses geïmplementeer waardeur risiko’s en bestuursaksies geïdentifiseer, geëvalueer en oor verslag gedoen word ten einde dit die hoof te bied. Die wesenlike risiko’s word binne hierdie risikobestuursraamwerk geïdentifiseer en die bestuur doen gereeld hieromtrent verslag aan die direksie en die oudit- en risikokomitee.

Strategiese risikobeoordeling sluit in die oorweging van moontlike toekomsscenario’s, met inagneming van politieke, omgewings-, sosiale, tegnologiese, ekonomiese en wetgewende ontwikkelinge wat ’n impak op die Groep kan hê.

## DIREKSIE

Die direksie van Klein Karoo Eiendoms Beperk bestaan uit sewe nie-uitvoerende direkteure. Die voorsitter, JH Delport, en die ondervoorsitter, SS Laubscher, is albei nie-uitvoerende direkteure.

Die formele verklaring van bestaande en nuwe belange is ’n staande item op die direksie en komitees se sakelyste. Dit word van direksielede en senior bestuur verwag om hul persoonlike belange en ander direkteurskappe te verklaar. Direkteure het onbeperkte toegang tot die maatskappy-sekretaris, wat onder toepaslike omstandighede leiding en advies verskaf.

Die filiaalmaatskappye beskik elk oor ’n eie direksie wat onafhanklik optree en slegs op die betrokke maatskappy se doelstellings en werksaamhede fokus.

### Rol en funksie van die voorsitter

Die voorsitters van die onderskeie direksies is nie-uitvoerende direkteure wat jaarliks deur die betrokke direksies verkies word. Die amp van voorsitter van die Groep en dié van die bestuurder is geskei en die nodige skeiding van pligte word toegepas.

Alhoewel die groepsvoorsitter nie onafhanklik is soos in King IV gedefinieer nie, is die direksie van mening dat, gesien in die lig van die aandeelhouerstruktuur en sy uitgebreide kennis van die landbou-omgewing, dit gepas is vir hom om as voorsitter van die direksie op te tree.

# **KORPORATIEWE** BESTUURSVERSLAG
(vervolg)

### Direksiekomitees

Die direksie het 'n aantal komitees gestig wat doeltreffende besluitneming versterk en die direksie in die uitvoering van sy magte en pligte bystaan. Die magte en uitvoering van die verantwoordelikhede van elke komitee word gereël deur middel van formele, geskrewe mandate wat jaarliks deur die direksie hersien en goedgekeur word. Die direksiekomitees lewer 'n belangrike bydrae tot die doeltreffendheid van die direksie deur te verseker volledige toesig en verslagdoening vind wel plaas. Die voorsitters van die direksiekomitees doen volledig verslag aan die onderskeie direksies om te verseker dat die funksies van die komitees ooreenkomstig met die skriftelike mandate uitgevoer word.

Die huidige direksiekomitees is soos volg:
Oudit- en risikokomitee
Vergoeding- en nominasiekomitee
Tesouriekomitee
Sosiaal, etiek en transformasiekomitee
Raadskredietkomitee
Tenderkomitee

### Oudit- en risikokomitee

Die komitee se hooftaak is om die direksie by te staan in die uitvoering van sy verantwoordelikhede met betrekking tot die beveiliging van bates, evaluering en bestuur van finansiële en bedryfsrisiko's, die bedryf van stelsels, beheer-prosedures en die voorbereiding van akkurate finansiële verslae en state. Die komitee is ook verantwoordelik om toe te sien dat die risikobestuursbeleid, -metodologie en -standaarde toegepas word.

Die eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die komitee. Die komitee bestaan uitsluitlik uit nie-uitvoerende direkteure en 'n onafhanklike voorsitter. Die uitvoerende direkteure dien nie op hierdie komitee nie, maar woon wel die vergaderings op uitnodiging by.

Drie geskeduleerde vergaderings het die afgelope jaar plaasgevind.

Ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet en sy mandaat, skenk die komitee aandag aan die volgende:

- Jaarlikse interne en eksterne ouditbeplanning en begrotings;
- Interne en eksterne ouditverslagdoening;
- Geïntegreerde verslagdoening;
- Integriteit van kontroles en finansiële blootlegging;
- Aanstelling van eksterne ouditeure en bevestiging van onafhanklikheid;
- Goedkeuring en aanbeveling van finansiële jaarstate;
- Beheerraamwerke; en
- Oorhoofse gerusstelling ten opsigte van risiko, oudit en nakoming.

Die komitee verseker toepaslike rapportering van die lopende saak-aanbevelings en verleen aktiewe ondersteuning aan die direksie deur te verseker toepaslike korporatiewe bestuur- en inligtingstegnologieraamwerke is gereed en word in stand gehou. Die komitee vervul ook 'n belangrike funksie om strategiese en bedryfsrisiko's op alle vlakke te ontleed. Risikobestuur word regdeur die Groep toegepas, en die huidige risikokultuur binne die Groep dra by tot die skep van belanghebberswaarde op 'n volhoubare grondslag. Die Groep het volledige risikoregisters per sake-eenheid saamgestel, en die fokus word in bestuurs-vergaderings deurlopend hierop geplaas.

Die Groep het ook 'n bedroglyn in plek wat onafhanklik bedryf word en waarvolgens enige bedrogaangeleentheid of onreëlmatigheid, werklik of verdag, op 'n onafhanklike, anonieme grondslag by die komitee aangemeld kan word.

### Vergoeding- en nominasiekomitee

Die vergoeding- en nominasiekomitee bestaan slegs uit nie-uitvoerende direkteure. Die komitee besluit of doen aanbevelings aan die direksie ten opsigte van algemene menslike hulpbron-aangeleenthede, insluitende die vergoeding van die personeel, bestuur en direkteure. Die komitee is ook verantwoordelik vir die bepaling van riglyne vir die vergoedingsbeleid. Drie vergaderings per jaar word gewoonlik gehou, maar spesiale vergaderings vind volgens spesifieke behoeftes plaas.

Soos reeds gemeld, skenk die komitee aandag aan onder andere die volgende:

# KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG
(vervolg)

- Aanbevelings aan die direksie met betrekking tot die vergoeding van nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure;
- Hersiening en toepassing van die vergoedingsfilosofie;
- Verseker goeie bestuur van gesonde aansporingskemas en regverdige en toepaslike vergoeding;
- Verseker toepaslike opvolgbeplanning vir uitvoerende direkteure en bestuur; en
- Regstellende aksie.

### Tesouriekomitee
Hierdie komitee fokus hoofsaaklik op wisselkoersbestuur en maak van eksterne kundigheid gebruik. Die komitee word saamgestel uit nie-uitvoerende sowel as uitvoerende direkteure en vergader minstens drie keer per jaar. Daar is ook ‘n Bestuurstesouriekomitee waar die hoofde van elke maatskappy gesamentlik die kontantvloei van die Groep beplan en bestuur.

### Sosiaal, etiek en transformasiekomitee
Die komitee is gevestig om spesifieke verantwoordelikhede, soos dit in die Maatskappywet omskryf is, na te kom. Die kernaspekte sluit onder andere die volgende monitering- en verslagdoeningsaspekte in:

- Sosiale en ekonomiese ontwikkeling en bemagtiging, insluitend die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB);
- Goeie korporatiewe burgerskap, insluitend die Groep se bevordering van gelykheid, voorkoming van onbillike diskriminasie en uitskakeling van korrupsie; bydrae tot ontwikkeling van die gemeenskappe waarin die Groep sy bedrywighede beoefen, en sy produkte en dienste bemark; en rekord van borgskappe, donasies en ondersteuning aan welsynsorganisasies;
- Die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, insluitend die impak van die Groep se bedrywighede, produkte en dienste op die omgewing;
- Verhoudings met verbruikers, insluitend die Groep se bemarking, openbare betrekkinge en nakoming van Verbruikerswetgewing; en
- Arbeid en werksverrigting, insluitend aanvaarbare protokol, verhoudings binne die werksplek en die bydrae tot die opvoedkundige ontwikkeling van sy werknemers.

ʼn Formele etiese program is aanvaar en geïmplementeer en etiek in die Groep word deurlopend gemoniteer. Dit sluit in die verklaring van persoonlike belange en botsende belange, opleiding en bewusmaking van waardes, en dui op toewyding tot die etiese kode en gedragskode op alle vlakke.

### Raadskredietkomitee
Hierdie komitee word saamgestel uit nie-uitvoerende direkteure, en alle uitvoerende direkteure asook sekere finansiële personeel woon alle vergaderings op uitnodiging by. In die vergaderings word verslag gedoen oor die stand van debiteure van Klein Karoo Eiendoms Beperk en sy filiale, en waar nodig word besluite oor bestuur van debiteure geneem en sekere aksies aanbeveel.

### Tenderkomitee
Hierdie komitee word saamgestel uit nie-uitvoerende direkteure, uitvoerende direkteure en finansiële bestuurders. Die Tenderkomitee evalueer kapitaalspandering en moniteer die keuringsproses van kontrakteurs.

## MAATSKAPPYSEKRETARIS
Die maatskappysekretaris ondersteun die direksie en die individuele direksielede in die uitvoering van hul verantwoordelikhede en pligte. Die maatskappysekretaris hou soos wat dit ingevolge die Maatskappywet vereis word, toesig oor voldoening aan wetgewing regdeur die Groep.

## INLIGTINGSTELSELS EN BEHEER (IT)
Die direksie verseker die aktiewe bestuur van die IT-beheerraamwerk en het ʼn IT-bestuurskomitee gevestig. Hierdie bestuurskomitee vorm ʼn integrale deel van die risikobestuursraamwerk. Die strategie en prestasie van die Groep is afhanklik van volledige geïntegreerde strukture en stelsels. Omvattende besigheid- en IT-rampherstelprosesse is gevestig. IT-bestuur is ook ʼn staande punt op die agenda van die Oudit- en risikokomitee.

## TOEGANG TOT INLIGTING
Die Groep voldoen aan die Wet op Toegang tot Inligting, en ʼn handleiding in dié verband is op die Groep se webtuiste beskikbaar. Aandeelhouers het toegang tot die aandeleregister, notules van aandeelhouersvergaderings en inligting met betrekking tot ʼn aantal maatskappysake.

# **KORPORATIEWE** BESTUURSVERSLAG
(vervolg)

Enige navrae kan aan die maatskappysekretaris as die inligtingshoof gerig word.

Die Groep voldoen aan die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, en ’n handleiding in dié verband is op die Groep se webtuiste beskikbaar. Die Groep het tegniese en operasionele maatreëls ingestel wat nodig is om die integriteit en veiligheid van persoonlike inligting van data eienaars te beskerm.

## VOLHOUBAARHEID

Die Groep heg waarde aan alle belanghebbendes as ’n onlosmaaklike deel van die onderneming. Ons heg waarde aan die markomgewing, werksomgewing, sosiale omgewing en natuurlike omgewing.

### Markomgewing

Die Groep se strategie is daarop gefokus om volhoubare waarde vir alle belanghebbendes te skep. Ons kernwaardes kan soos volg saamgevat word:

- Lojaliteit deur te alle tye in die beste belang van die maatskappy en sy belanghebbendes op te tree;
- Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir alle aksies binne die Groep;
- Integriteit in die strewe om altyd eties op te tree; en
- Vernuwende denke deur met kreatiewe en vindingryke idees vorendag te kom om die onderneming uit te brei en aan produsente en klante se behoeftes te voldoen.

Die doelwit van die Groep bly om waarde vir produsente toe te voeg, en dit kan slegs vermag word deur nuwe ontwikkelings om betekenisvolle inkomste te genereer. Klantefokus is van kardinale belang en die Groep se oogmerk is om die algehele ondervinding van en diens aan die klant te verbeter.

### *Werksomgewing*

Die Groep is verbind tot die bewusmaking en bevordering van etiese optrede asook om die Groep se siening en standaarde aangaande etiese gedrag aan belanghebbendes te kommunikeer. Die Groep streef daarna dat menseregte te alle tye gerespekteer en beskerm word.

Dit is ons verantwoordelikheid om aan alle toepaslike wetgewing en arbeidswette te voldoen. Ons dra by tot die ontwikkeling van ons werknemers deur toepaslik in die verbetering van hul kwalifikasies, vaardighede en bevoegdhede te belê.

### *Etiese waardes*

In die Groep se strewe na voortreflikheid word die volgende beginsels onderskryf:

- Die hoogste etiese waardes in alle verhoudings;
- Wetsgehoorsaamheid;
- Respek vir alle mense se waardigheid;
- Die aanmoediging van die uitbreiding en toepassing van alle werknemers se kundigheid;
- Die verbetering van alle werknemers se lewensgehalte;
- Gelyke geleenthede vir alle werknemers;
- Erkenning van vernuwing;
- Aanmoediging van deelname; en
- Respek vir die omgewing.

Die Groep beskik oor ’n formele beleid rakende bedrog-/diefstalaangeleenthede. Die bedroglyn verleen gerusstelling aan personeel dat vertroulikheid en beskerming verleen word aan enigeen wat ongerymdhede wil aanmeld. Die Groep kom ook sy verpligting kragtens die Wet op die Voorkoming en Bekamping van Korrupsie na en sal misdade by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanmeld. Gereelde bewusmakingsprogramme word ten opsigte van die voorkoming van bedrog en korrupsie van stapel gestuur.

### *Indiensneming*

Alle maatskappye in die Groep steun gelyke indiensnemingsbeginsels asook ’n deeglike en regverdige aanstellingsproses.

Hieronder val interne en/of openbare advertensies vir vakante poste, persoonlike onderhoudvoering met kortlyskandidate deur ’n relevante komitee, afneem van psigometriese toetse en finale evaluering van kandidate waar al die bogenoemde faktore in ag geneem word.

Dit is die Groep se strewe om aanstellings binne die raamwerk van die wet te doen om gelyke geleenthede by die werkplek te bevorder. Die groepsdoelwit is om personeel by diensbeëindiging, indien noodsaaklik, met geskikte kandidate met kundigheid

# **KORPORATIEWE** BESTUURSVERSLAG
(vervolg)

en toepaslike kwalifikasies te vervang, en daardeur enige vorm van diskriminerende ongelykhede uit te skakel.

Komitees is genomineer en aangestel om die werkgewerplan vir gelyke indiensneming te bestuur. Die komitees bestaan uit verskeie rolspelers wat bestuur-, werknemervlak- en Groepverteenwoordigers asook vakbond-verteenwoordiging insluit. Die Departement van Arbeid moniteer gereeld die komitees se werksaamhede.

Die indiensnemingprogram bestaan uit twee prosesse, naamlik (1) werwing, keuring en plasing en (2) opleiding en ontwikkeling van personeel.

Die Groep slaag daarin om verskeie aanstellings en bevorderings op ’n gelyke indiensnemings-grondslag te doen. Hoewel die vordering as gevolg van verskeie eksterne faktore stadig geskied, volhard die Groep daarin om kundige personeel aan te stel deur ’n deursigtige proses te volg. Die indiensnemingproses vorm ’n integrale deel van die BBSEB-telkaart en word nie gering geskat nie. Die Groep het die afgelope jaar 11 leerlingskappe geïmplementeer waarvolgens opleiding aan werklose persone gebied word.

***Opleiding en Ontwikkeling***

Opleiding en ontwikkeling van interne menslike hulpbronne is van kardinale belang vir die bereiking van die Groep van maatskappye se onderskeie strategieë. Alle opleiding- en ontwikkelings-intervensies is behoeftegerig om werknemers met die nodige bevoegdhede toe te rus ten einde optimale uitsette te verseker.

Die opleiding en ontwikkeling van werknemers het verder ten doel om die potensiaal van werknemers te ontsluit ten einde bevordering- en loopbaan-geleenthede daar te stel.

Opleiding en ontwikkeling fokus hoofsaaklik op die volgende:

- Statutêre opleiding soos binne die raamwerk van die toepaslike wetgewing van toepassing binne die bedryf voorgeskryf;
- Funksionele opleiding ten einde optimale werksuitsette daar te stel en te bevestig; en
- Bestuur- en leierskapopleiding van senior bestuur.

Selfontwikkeling van werknemers word aangemoedig en word binne die raamwerk van die huidige beleid met betrekking tot studiefinansiering en -verpligtinge bestuur. Hierdie proses spreek deurlopend die balans tussen maatskappy en individuele ontwikkeling aan vir verdere optimale aanwending van die maatskappy se menslike hulpbronne.

***Transformasie***

Die toenemende druk vir ekonomiese transformasie skep bepaalde uitdagings vir besighede in Suid-Afrika, maar dit skep ook unieke geleenthede. Die Groep moet homself posisioneer om hierdie uitdagings in geleenthede te omskep en bemagtiging aan te pak tot voordeel van sy aandeelhouers, personeel en ander belanghebbendes van die Groep. Die Groep is ten volle verbind tot die regering se beleid oor transformasie en glo dat alle Suid-Afrikaners gelyke geleenthede moet geniet. Dit is belangrik vir die Groep om transformasie op sodanige wyse te implementeer dat kwaliteit en diens van uitstaande gehalte deurgaans gelewer word.

***Gesondheid en Veiligheid***

Personeel se gesondheid, veiligheid en welstand is ’n fokusgebied vir die Groep. Die Groep se personeel is standvastig, lojaal, hardwerkend en sonder twyfel een van die Groep se mededingende voordele.

Die Groep heg baie waarde aan die opleiding van sy personeel met betrekking tot gesondheid en beroeps-veiligheid. Onderwerpe soos gesondheidsorg en gesins-beplanning is deel van daaglikse onderrig.

Beroepsveiligheid in alle maatskappye en afdelings van die Groep word voortdurend evalueer, veral in bedrywe waar masjinerie gebruik word. Gevorderde veiligheidskursusse word aangebied en veiligheidskomitees vergader gereeld om risiko’s sover moontlik uit te skakel. Voorkoming van risiko’s lei daartoe dat die Groep voorkomend ten opsigte van moontlike beserings kan optree. Gereelde noodhulpkursusse word ook aangebied. Dit is verder bekend dat sport nie net goed is vir elke individu se gesondheid nie, maar ook om werksdruk te verlig. Die Groep is hier ’n rolspeler in die fasilitering, lewering van bydraes en ondersteuning van sportspanne soos rugby- en krieketspanne by sekere afdelings.

# KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG
(vervolg)

**Vergoedingsbeleid**

Die Groep beskik oor ’n vergoedingsbeleid waaraan al die filiaalmaatskappye moet voldoen. Die verantwoordelikhede van die vergoedingskomitee behels die bepaling en hersiening van die vergoedingsbeleid, vasstelling en hersiening van die vergoedingspakkette van uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure, bestuur en personeel asook menslike hulpbronbeleid en diensvoorwaardes.

Die komitee gebruik data wat in erkende vergoedingsopnames opgeneem en gepubliseer is om te bepaal hoe die Groep se direkteure, bestuur en personeel se vergoeding met dié van vergelykbare maatskappye en organisasies in die nasionale mark vergelyk. Sodanige vergoedingsopnames is verteenwoordigend van die onderskeie bedrywe in Suid-Afrika en alle poste, insluitende topbestuursposte, word hierin vervat. Die poste word ingevolge ’n aantal erkende posevaluerings-metodes gegroepeer, soos die Peromnes-stelsel wat by die Groep gebruik word. Hierdie opnames dek ’n groot persentasie Suid-Afrikaanse maatskappye. Die data is gevolglik hoogs verteenwoordigend, ongeag die grootte en omvang van die onderskeie maatskappye. Die vergoedingskomitee gebruik die inligting as ’n riglyn wanneer die Groep se vergoedingstrukture en -vlakke hersien word.

Die Groep se vergoedingstrukture kan in drie kategorieë verdeel word – uurliks besoldigde personeel (vergoeding soos jaarliks met vakbonde of personeelverteenwoordigers onderhandel), personeel met vaste salarisse en byvoordele, en senior bestuurslede.

Personeel van die eerste twee kategorieë se vergoeding volg ’n bepaalde struktuur (soos onderling toepaslik) van basiese loon of salaris, voorsorg- of pensioenfonds, mediese bystandsvoordele, oortydbetaling, toelaes van toepassing op spesifieke dienste en amptelike ritte, verkoops-kommissies en ook ’n jaarlikse bonus (wat onderhandel/voorgeskryf word of volgens meriete toegestaan word).

Die bestuur se vergoedingstruktuur bestaan uit twee elemente: ’n gewaarborgde element soortgelyk aan dié van die ander personeellede, asook ’n buigsame element wat suiwer prestasiegedrewe is.

Die prestasie-element sluit individuele prestasie (soos gemeet teenoor voorafbepaalde doelwitte) en die Groep se finansiële resultate in.

Vergoedingsvlakke ten opsigte van loon- en salarispersoneel word hoofsaaklik deur markkragte bepaal. Faktore soos sukses met werwing van eksterne personeel om vakatures te vul, personeelomset, verbruikersprysindeks, vaardigheidstekorte en die moraal en motivering van personeel speel ’n belangrike rol in die vasstelling van vergoedingsvlakke. Al die bogenoemde faktore asook individuele prestasie word dus in die hersiening van vergoedingsvlakke en -strukture in ag geneem.

Die direksie en senior bestuur is verantwoordelik vir die daarstel en uitvoering van die Groep se strategiese rigting, die ontsluiting van die Groep se potensiaal en die daaropvolgende stabiliteit, groei en welvaart. Dit is dus van die uiterste belang dat die vergoedingskomitee sal verseker dat die senior bestuur se vergoeding sodanig is dat die Groep bekwame bestuurders kan werf, motiveer en behou. Die vergoedingstruktuur moet dus aan uitvoerende direkteure en senior bestuurslede die versekering gee dat hul vergoeding markverwant is en bly, en terselfdertyd uitstaande prestasie aanmoedig.

***Sosiale omgewing***

Die Groep is verbind tot volhoubare groei en ontwikkeling en is passievol daaroor om ’n bydrae tot die volhoubare ontwikkeling van landelike omgewings, veral in die Klein Karoo-gebied, te lewer. Werknemers is aktief betrokke by die gemeenskappe waarbinne die Groep bedryf word.

Die Groep lewer verskeie borgskap- en finansiële bydraes aan instellings en entiteite, wat tot voordeel van die breër gemeenskappe aangewend word. Dit sluit onder meer skole en liefdadigheid- en sportorganisasies in.

Die Groep fokus ook op opleiding van werklose mense binne die raamwerk van leerlingskappe. Hierdie opleiding ondersteun dus die prosesse binne die BBSEB-raamwerk wat deur die Groep gesteun en gedryf word.

# KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG
(vervolg)

***Natuurlike omgewing***

Die Groep is ook verbind tot die beskerming van die omgewing waarbinne Klein Karoo werk. Alle toepaslike omgewingswetgewing word nagekom, en alle nodige permitte om met bedrywe voort te gaan, is in plek. Spesifieke probleemgebiede word saam met owerhede deur middel van spesiale taakspanne aangepak.

Die volgende fokusgebiede is geïdentifiseer om die invloed op die natuur te beperk en die omgewing te beskerm:

- Energiedoeltreffendheid
- Waterdoeltreffendheid
- Afvalvermindering
- Hulpbron alternatiewe

# VERKLARING DEUR MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ingevolge Artikel 88(2)(e) van die Maatskappywet van 2008 verklaar die maatskappysekretaris hiermee dat die maatskappy al die vereiste opgawes en kennisgewings ingedien het wat volgens wet vereis word, en dat sodanige opgawes en kennisgewings waar, korrek en op datum blyk te wees.



PC Barnard (Maatskappysekretaris)



# VERANTWOORDELIKHEIDSVERKLARING

## DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die Maatskappywet van Suid-Afrika, Wet Nr. 71 van 2008, bepaal dat die direkteure omvattende rekeningkundige rekords moet byhou. Hulle is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële state ter voldoening aan die *IFRS for SMEs® Accounting Standard* 'n redelike weergawe is van die maatskappy en Groep se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

Die finansiële state is ooreenkomstig die *IFRS for SMEs Accounting Standard* opgestel en berus op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is. Die direkteure is uiteindelik verantwoordelik vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die Groep ingestel het en hulle plaas aansienlike klem op die belangrikheid daarvan om streng beheer te handhaaf.

Die direksie stel standaarde vir interne beheer saam wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verklein sodat die direkteure hierdie verantwoordelikhede kan nakom. Dié standaarde sluit in die behoorlike delegering van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, doeltreffende rekeningkundige prosedure en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikovlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele Groep gemoniteer. Alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die Groep se sake op 'n wyse gedoen word wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is.



Die maatskappy en Groep se risikobestuur is op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die Groep gerig. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die Groep om dit tot die minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, beheer en ander stelsels asook etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die direkteure is op grond van inligting en verduidelikings wat die bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat op die finansiële rekords vir die opstel van die finansiële state gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike en nie absolute versekering nie teen enige beduidende wanvoorstelling of verlies bied.

Die direkteure het die maatskappy se kontant-vloeivooruitskatting vir die jaar tot 30 Junie 2026 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die maatskappy toereikende middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede in die afsienbare toekoms as 'n lopende saak voort te sit.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike nasiening en rapportering van die Groep se finansiële state. Die finansiële state is deur die Groep se eksterne ouditeure ondersoek en 'n ongekwalifiseerde verslag is uitgereik.

Die direksie het die finansiële state wat volgens die lopende saak-grondslag opgestel is, goedgekeur en dit is namens hulle onderteken deur:

| | |
|---|---|
| JH Delport | SS Laubscher |
| Voorsitter | Ondervoorsitter |
| 30 Oktober 2025 | |

# OUDIT- EN RISIKOKOMITEEVERSLAG

**Samestelling en bywoning van vergaderings**

Die oudit- en risikokomitee van Klein Karoo Eiendoms Beperk ("die komitee") bestaan uit ten minste drie nie-uitvoerende direkteure wat jaarliks deur die aandeelhouers aangewys word. Die komitee vergader gewoonlik drie keer per jaar. Verteenwoordigers van die eksterne ouditeure en bestuur woon die komiteevergaderings op uitnodiging by. Die komitee het gedurende die jaar tot op datum van hierdie verslag uit die volgende lede bestaan:

JD Gouws (Adviseur en onafhanklike voorsitter)
JH Delport
N Fourie
SS Laubscher

**Die oudit- en risikokomitee se sleutelfunksies en verantwoordelikhede**


Die komitee het vrylik toegang tot die voorsitter van die direksie en is gemagtig om onafhanklike kundiges onbeperk op maatskappykoste te konsulteer. Die komitee is verantwoordelik om onafhanklike, geregistreerde ouditeure jaarliks vir aanstelling as ouditeure van die maatskappy en sy filiale te nomineer, die ouditfooie en aanstellingsvoorwaardes van die ouditeure te bepaal en voorgestelde ooreenkomste met ouditeure vooraf goed te keur om nie-ouditfunksies te verrig. Aanvullend is die komitee verantwoordelik vir die bespreking en beoordeling van:

- Die afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state, wat die aanwending van inkomste insluit, voordat die finansiële state deur die direksie vir uitreiking gemagtig word;
- Die onafhanklikheid van die ouditeure;
- Die rekeningkundige beleid en beoogde wysigings daarvan;
- Die doeltreffendheid van die oudit;
- Die doeltreffendheid van bestuursinligting en interne beheerstelsels;
- Die fooi betaalbaar aan die ouditeure asook die ouditeure se aanstellingsvoorwaardes;
- Enige klagtes wat verband hou met die rekeningkundige praktyke asook die inhoud en ouditering van die finansiële state van Klein Karoo Eiendoms Beperk en sy filiale; en
- Enige ander voorgeskrewe funksies wat van die komitee verlang word.

Gedurende die jaar het die komitee drie keer vergader om bostaande verpligtinge na te kom. Die interne ouditfunksie is uitgekontrakteer en word selektief ten opsigte van spesifieke fokusareas en aktiwiteite binne die Groep uitgevoer.

**Goedkeuring**

Die komitee het die geouditeerde finansiële state bestudeer en met die bestuur bespreek; die eksterne ouditeure se bevindinge en die bestuur se reaksie daarop bestudeer; en betekenisvolle aansuiwerings voortspruitend uit die eksterne oudit bestudeer en onaangesuiwerde ouditverskille aanvaar. Die komitee is in ooreenstemming met en aanvaar die eksterne ouditeure se gevolgtrekking oor die finansiële state en het die goedkeuring daarvan aan die direksie aanbeveel. Die direksie het die finansiële state gevolglik goedgekeur wat by die eersvolgende jaarvergadering bespreek sal word.



Japie Gouws
Voorsitter Oudit- en risikokomitee
30 Oktober 2025



# **DIREKTEURS**VERSLAG

Die direkteure bied hiermee die jaarlikse verslag van die maatskappy se aktiwiteite aan vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

**Oorsig van die maatskappy se besigheid en aktiwiteite**

Die hoofbesigheid van die maatskappy en sy filiale is die hantering, verwerking, waardetoevoeging en bemarking van landbouprodukte.

**Finansiële resultate**

Die totale omset vir die huidige jaar bedra sowat R2,163 miljard (2024: R1,942 miljard) wat ’n styging van 11,4% verteenwoordig. In die verslagjaar het die Groep ’n netto wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers van sowat R85,120 miljoen behaal teenoor ’n netto wins van R63,562 miljoen in die vorige jaar.

**Kapitale uitgawes**

Toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting asook beleggingseiendom het sowat R58,5 miljoen (2024: R61,0 miljoen) beloop.

**Dividende**

Geen dividende is gedurende die finansiële tydperk onder oorsig verklaar nie.

**Aandelekapitaal**

Die waarde van aandele gedurende die jaar uitgereik, beloop R115 500 (2024: R108 500).

**Maatskappysekretaris**

Die maatskappysekretaris is PC Barnard by Koöperasiestraat, vanaf Parkweg 145, Oudtshoorn, 6625. Die posadres is Posbus 241, Oudtshoorn, 6620.

**Ouditeure**

PricewaterhouseCoopers Geïnk. het ingestem om as die Groep se ouditeure aan te bly. ’n Resolusie ten opsigte van die heraanstelling van die ouditeure sal by die 2025-jaarvergadering voorgelê word.

**Adres**

Die geregistreerde kantoor is Koöperasiestraat, vanaf Parkweg 145, Oudtshoorn, 6625. Die posadres is Posbus 241, Oudtshoorn, 6620.

**Lopende saak**

Die lewensvatbaarheid van die Groep word ondersteun deur die resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2025. Op 30 Junie 2025 het die Groep voldoende onbenutte fasiliteite beskikbaar gehad. Maandelikse likiditeitsontledings vir elk van die bedryfsfiliale dui daarop dat die Groep voldoende likiditeit beskikbaar het om sy verpligtinge oor die volgende twaalf maande te kan nakom. Op grond van die Groep se huidige finansiële posisie en voorspellings het die direkteure tot die gevolgtrekking gekom dat die Groep voldoende likiditeit het om aan al sy verpligtinge te voldoen en in staat te wees om aan alle verpligtinge vir ten minste die volgende twaalf maande te voldoen. Die direkteure het op grond van hierdie inligting die opstel en voorbereiding van die finansiële state op ’n lopende saak-grondslag aanvaar.

**Gebeure na verslagdoeningsdatum**

Na die jaareinde het die Verenigde State 'n 30%-tarief op saadinvoere uit Suid-Afrika ingestel met ingang van Augustus 2025. Die uiteindelike impak hang af van voortgesette kliëntonderhandelinge, maar die tarief kan afwaartse druk op marges plaas vanaf die 2026-leweringseisoen. Die direkteure is nie bewus van enige sake of omstandighede wat plaasgevind het tussen die einde van die finansiële jaar en die datum waarop die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state goedgekeur is wat nie in die verslag of die groep se finansiële state behandel is nie en wat 'n beduidende invloed op die aktiwiteite van die groep of resultate van daardie aktiwiteite kan hê nie.

**Rekeningkundige beleid**

Die verkorte finansiële state van die Groep is afgelei van die volledige finansiële state wat opgestel is in ooreenstemming met die *IFRS for SMEs® Accounting Standard*. Die volledige stel finansiële state sal by die geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar wees. Die eksterne ouditeure PricewaterhouseCoopers Geïnk. het die Groep se finansiële state geouditeer. ’n Afskrif van die ongekwalifiseerde ouditverslag is beskikbaar by die geregistreerde kantoor.

# DIREKTEURSVERSLAG
(vervolg)

**Raad van direkteure**

Die raad van direkteure van die bedryfsmaatskappye binne die Groep word soos volg aangetoon:

## Klein Karoo Eiendoms Beperk

| | |
|---|---|
| JH Delport (Voorsitter) | Nie-uitvoerende direkteur |
| SS Laubscher (Ondervoorsitter) | Nie-uitvoerende direkteur |
| PL Coetzee | Nie-uitvoerende direkteur |
| N Fourie | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur |
| JH Terblanche | Nie-uitvoerende direkteur |
| HR van der Merwe | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur |
| JJ van Niekerk | Nie-uitvoerende direkteur |

## Klein Karoo Saad Eiendoms Beperk

| | |
|---|---|
| JH Delport (Voorsitter) | Nie-uitvoerende direkteur |
| JJ van Niekerk (Ondervoorsitter) | Nie-uitvoerende direkteur |
| PL Coetzee | Nie-uitvoerende direkteur |
| N Fourie | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur |
| JD Gouws | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur |
| SS Laubscher | Nie-uitvoerende direkteur |
| DE Malan | Besturende direkteur |
| JH Terblanche | Nie-uitvoerende direkteur |
| HR van der Merwe | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur |

## Klein Karoo Agri Eiendoms Beperk

| | |
|---|---|
| SS Laubscher (Voorsitter) | Nie-uitvoerende direkteur |
| JH Delport (Ondervoorsitter) | Nie-uitvoerende direkteur |
| JET du Plessis | Besturende direkteur |
| JH Terblanche | Nie-uitvoerende direkteur |
| HR van der Merwe | Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur |



# VERSLAG VAN DIE **ONAFHANKLIKE OUDITEUR**

Insake die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële State aan die aandeelhouers van Klein Karoo Eiendoms Beperk

### Mening

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state van Klein Karoo Eiendoms Beperk, soos uiteengesit op bladsye 29 tot 32, wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie soos op 30 Junie 2025, die opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat en opgesomde gekonsolideerde state van omvattende inkomste, verandering in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar geëindig 30 Junie 2025, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state van Klein Karoo Eiendoms Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 2025.

Na ons mening, is die meegaande opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die grondslag wat beskryf is in die aantekening "Basis vir opstelling en rekeningkundige beleid" en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

### Opgesomde gekonsolideerde finansiële state

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur die *IFRS for SMEs Accounting Standard* en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, soos van toepassing op finansiële jaarstate nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

### Die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en ons verslag daarop

Ons het 'n ongekwalifiseerde ouditmening uitgespreek oor die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag gedateer 31 Oktober 2025.

### Direkteure se verantwoordelikheid vir die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die grondslag wat beskryf is in die aantekening "Basis vir opstelling en rekeningkundige beleid" en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

### Ouditeur se verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die *International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised), Engagements to Report on Summary Financial Statements*, uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
*Direkteur: JE van Tiddens*
Geregistreerde Ouditeur
31 Oktober 2025
Stellenbosch, Suid-Afrika



# OPGESOMDE STAAT VAN **FINANSIËLE POSISIE**

Soos op 30 Junie 2025 (R'000)

| | 2025 | 2024 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **764 674** | **725 497** |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 184 554 | 129 414 |
| Ontasbare bates | 812 | 1 696 |
| Beleggingseiendom | - | 13 640 |
| Huurverbeterings | 69 | 181 |
| Ander finansiële bates | 528 247 | 528 423 |
| Handels- en ander debiteure | 36 739 | 37 855 |
| Uitgestelde belasting | 14 253 | 14 288 |
| **Bedryfsbates** | **1 139 555** | **1 059 458** |
| Voorraad | 387 213 | 355 888 |
| Handels- en ander debiteure | 683 748 | 579 466 |
| Lopende belastingbates | 2 481 | 598 |
| Valutatermynkontrakbates | 10 083 | 19 589 |
| Suid-Afrikaanse Inkomstediens - BTW | 8 481 | 14 227 |
| Kontant en kontantekwivalente | 47 549 | 89 690 |
| **TOTALE BATES** | **1 904 229** | **1 784 955** |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **1 197 178** | **1 110 800** |
| Aandelekapitaal en -premie | 904 | 788 |
| Reserwes | 75 382 | 74 240 |
| Behoue inkomste | 1 120 892 | 1 035 772 |
| **Totale ekwiteit** | **1 197 178** | **1 110 800** |
| **Nie-bedryfslaste** | **104 701** | **86 458** |
| Voorsiening vir werknemersvoordele | 5 850 | 5 897 |
| Nie-bedryfslenings | 98 851 | 80 561 |
| **Bedryfslaste** | **602 350** | **587 697** |
| Handels- en ander krediteure | 223 690 | 195 297 |
| Bedryfslenings | 378 257 | 382 571 |
| Valutatermynkontraklaste | - | 138 |
| Suid-Afrikaanse Inkomstediens - BTW | 227 | 7 781 |
| Lopende belastinverpligtinge | 176 | 1 910 |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | **1 904 229** | **1 784 995** |

# OPGESOMDE **INKOMSTESTAAT**

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 (R'000)

| | 2025 | 2024* |
|---|---|---|
| Inkomste | **2 163 237** | **1 941 972** |
| Koste van verkope | (1 835 843) | (1 705 240) |
| **Bruto Wins** | **327 394** | **236 732** |
| Ander inkomste | 74 335 | 74 464 |
| Verspreidingskoste | (6 582) | (5 401) |
| Administratiewe uitgawes | (17 956) | (18 466) |
| Ander bedryfsuitgawes | (222 138) | (181 230) |
| **Bedryfswins** | **155 053** | **106 099** |
| Rente betaal | (31 408) | (17 234) |
| **Netto wins voor belasting** | **123 645** | **88 865** |
| Belasting | (38 525) | (25 303) |
| **Wins vir die jaar** | **85 120** | **63 562** |
| Toeskryfbaar aan: | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | 85 120 | 63 562 |
| **Wins vir die jaar** | **85 120** | **63 562** |

* Herstatering deur beide Inkomste en Koste van verkope met R37.6 miljoen te verminder

# OPGESOMDE STAAT VAN **OMVATTENDE INKOMSTE**

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 (R'000)

| | 2025 | 2024 |
|---|---|---|
| Netto Wins vir die jaar | 85 120 | 63 562 |
| Ander omvattende inkomste | 1 142 | 2 989 |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **86 262** | **66 551** |
| Toeskryfbaar aan: | | |
| Eienaars van die houermaatskappy | 86 262 | 66 551 |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **86 262** | **66 551** |

# OPGESOMDE STAAT VAN VERANDERING IN **EKWITEIT**

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 (R'000)

| | Aandelekapitaal en -premie | Reserwes | Behoue Inkomste | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Saldo 1 Julie 2023 | 678 | 71 251 | 972 210 | 1 044 139 |
| Uitreiking van aandele | 110 | - | - | 110 |
| Ander omvattende inkomste vir die jaar | - | 2 989 | - | 2 989 |
| Netto Wins vir die jaar | - | - | 63 562 | 63 562 |
| **Saldo 1 Julie 2024** | 788 | 74 240 | 1 035 772 | 1 110 800 |
| Uitreiking van aandele | 116 | - | - | 116 |
| Ander omvattende inkomste | - | 1 142 | - | 1 142 |
| Netto wins vir die jaar | - | - | 85 120 | 85 120 |
| **Saldo 30 Junie 2025** | **904** | **75 382** | **1 120 892** | **1 197 178** |

# OPGESOMDE STAAT VAN **KONTANTVLOEI**

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 (R'000)

| | 2025 | 2024 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant voortgebring uit/(aangewend in) bedrywighede | 39 812 | (85 127) |
| Rente betaal | (31 408) | (17 234) |
| Belasting betaal | (42 530) | (26 675) |
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite | (34 126) | (129 036) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting | (56 261) | (44 813) |
| Toevoegings tot ontasbare bates | (812) | (1 814) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | 393 | 1 094 |
| Toevoeging tot beleggingseiendom | (439) | - |
| Rente ontvang | 36 722 | 30 589 |
| Dividende ontvang | 67 | 87 |
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit beleggingsaktiwiteite | (20 330) | (14 857) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | |
| Uitreiking van aandele | 115 | 109 |
| Terugbetaling van lenings | (4 471) | (1 055) |
| Lenings toegestaan | 22 606 | 71 008 |
| Netto kontantinvloei/(uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite | 18 250 | 70 062 |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | (36 206) | (73 831) |
| Kontant en kontantekwivalente aan begin van die jaar | (285 946) | (212 115) |
| **Kontant en kontantekwivalente aan einde van die jaar** | **(322 152)** | **(285 946)** |

# OPGESOMDE **SEGMENTVERSLAG**

Vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 (R'000)

| | KKEB | KKS | KKA | Inter segment | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **30 Junie 2025** | | | | | |
| Omset | - | 1 043 429 | 1 173 029 | (53 221) | 2 163 237 |
| Netto wins voor rente | (8 047) | 104 473 | 19 735 | 2 170 | 118 331 |
| Rente ontvang | 15 574 | 10 853 | 24 467 | (14 172) | 36 722 |
| Rente betaal | (3) | (19 769) | (25 808) | 14 172 | (31 408) |
| Totale wins | 5 548 | 64 295 | 13 107 | 2 170 | 85 120 |
| Totale bates | 741 332 | 913 705 | 489 409 | (240 217) | 1 904 229 |
| Totale laste | 7 488 | 506 178 | 359 668 | (166 283) | 707 051 |
| **30 Junie 2024*** | | | | | |
| Omset | - | 839 476 | 1 149 768 | (47 272) | 1 941 972 |
| Netto wins voor rente | 37 903 | 66 077 | 14 533 | (43 003) | 75 510 |
| Rente ontvang | 10 308 | 7 747 | 22 591 | (10 057) | 30 589 |
| Rente betaal | (58) | (10 992) | (16 241) | 10 057 | (17 234) |
| Totale wins | 46 751 | 44 662 | 15 152 | (43 003) | 63 562 |
| Totale bates | 743 176 | 768 719 | 449 432 | (176 372) | 1 784 955 |
| Totale laste | 14 996 | 426 629 | 332 799 | (100 271) | 674 153 |

*Herstateer

# AANTEKENINGE BY DIE OPGESOMDE **FINANSIËLE STATE** (R'000)

| | 2025 | 2024 |
|---|---|---|
| **1. Eiendom, aanleg en toerusting** | | |
| Drabedrag openingsaldo | 129 414 | 85 066 |
| Aankope | 58 041 | 61 037 |
| Oordrag vanaf/ (aan) beleggingseiendom | 13 790 | (1 193) |
| Verkope | (5) | (1 164) |
| Waardevermindering | (16 686) | (14 332) |
| **Drabedrag sluitingsaldo** | 184 554 | 129 414 |
| | | |
| **2. Verwante party transaksies** | | |
| **Sleutelbestuursvergoeding** | | |
| - Korttermyn werknemervoordele | 8 644 | 8 732 |
| - Indiensnemingvoordele | 689 | 604 |
| - Prestasie-aansporings | 4 912 | 4 152 |
| **Transaksies met Direkteure** | | |
| - Verkoop van goedere aan direkteure | 26 087 | 32 154 |
| - Aankoop van goedere van direkteure | (33 072) | (36 357) |
| - Handelsdebiteure saldo uitstaande op jaareinde | 13 997 | 14 002 |

**3. Basis vir opstelling en rekeningkundige beleid**

Die verkorte finansiële state van die Groep is afgelei van die volledige finansiële state wat opgestel is in ooreenstemming met die *IFRS for SMEs Accounting Standard*. Die volledige stel finansiële state sal by die geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar wees. Die eksterne ouditeure PricewaterhouseCoopers Geïnk. het die Groep se finansiële state geouditeer. 'n Afskrif van die ongekwalifiseerde ouditverslag is beskikbaar by die geregistreerde kantoor.

KFD
KLEIN KAROO FINANSIËLE DIENSTE
(PTY) LTD • (EDMS) BPK




"Voorspelling is baie moeilik, veral voorspellings oor die toekoms"

Beperk toekomstige uitdagings deur risiko in oorleg met Klein Karoo Finansiële Dienste af te dek.

**Persoonlike dekking**

**Kommersiële dekking**

**Oes- en Landbouversekering**

Klein Karoo Finansiële Dienste is ‘n gemagtigde finansiële dienste verskaffer (FSP: 54649)